Gebalanseerde Persoonlikheid

Inleiding

Die doel van geestelike groei

> *"Sy goddelike krag het ons alles geskenk wat tot die lewe en godsvrug dien, deur die kennis van Hom wat ons geroep het…* ***sodat julle daardeur deelgenote kan word van die goddelike natuur****… daarom moet julle* ***met aanwending van alle ywer by julle geloof voeg*** *die deug* (geneigdheid tot goedheid)*, en by die deug die kennis, en by die kennis die selfbeheersing, en by die selfbeheersing die lydsaamheid* (geduldige berusting)*, en by die lydsaamheid die godsvrug* (toegewydheid)*, en by die godsvrug die broederliefde, en by die broederliefde die naasteliefde…* (**2 Pet. 1:3-10**).

Die doel van geestelike groei is om te verander sodat ons meer en meer die eienskappe van 'n Goddelike persoonlikheid kan openbaar (2 Pet. 1:4-8).

In Jesus sien ons 'n voorbeeld van 'n perfekte gebalanseerde persoonlikheid – elkeen van Sy goeie karaktereienskappe word gebalanseer met 'n teenoorgestelde deug. So sien ons dat terwyl Jesus gewoonlik saggeaard, liefdevol en nederig opgetree het (**Matt. 11:29**), Hy, in kontras, wanneer dit nodig was, mense met 'n sweep uitmekaar kon jaag (**Joh. 2:15**). Skynheilige mense het ook onder Sy tong deurgeloop (**Matt. 23**). Terwyl die Woord verklaar dat 'n mens die sonde moet haat (**Judas 23**), was Jesus tog bekend as iemand wat 'n vriend van die sondaars was (**Luk. 7:34**).

Wat ons betref, as een van ons sterk goeie karaktereienskappe nie gebalanseer word met 'n teenoorgestelde deug nie, word ons sterkpunt, ons swakheid! So byvoorbeeld, as die positiewe eienskap van **determinasie**, nie gebalanseer word met 'n bereidheid om iemand anders se standpunt te oorweeg nie, kan dit maklik omsit en gesien word as eiesinnige hardkoppigheid.

So ook, as **entoesiasme, erns, toewyding en vurigheid**, veral op geestelike gebied, nie met kennis, wysheid en kalm oordenking gebalanseer word nie, sit jy met 'n resep vir histeriese **fanatisisme;** dít wat kulte uitbuit en waarop hulle floreer.

As 'n persoon met 'n sterk oortuiging oor 'n saak, dit nie balanseer met **genade en toegeeflikheid** nie, kan dit soms deur ander as regiede gevoelloosheid ervaar word wat nie 'n ander persoon se swakhede verskoon nie. 'n Sterk oortuiging kan jou verblind sodat jy nie 'n ander standpunt kan insien of verstaan nie.

Die positiewe eienskap van **spaarsamigheid** kan, as dit nie gebalanseer word met 'n element van liefdadigheid en vrygewigheid nie, oorslaan tot 'n geneigdheid tot **suinigheid**.

As **saggeaardheid en nederigheid** nie gebalanseer word met dissipline en 'n liefde vir die waarheid nie, kan dit tot 'n ruggraatlose, permissiewe ingesteldheid ontwikkel. Veral op godsdienstige gebied, as emosionele ervarings nie gebalanseer word met kennis van die Woord en gesonde geestelike beginsels nie, kan dit aanleiding gee tot subjektiewe,

ekstatiese ervarings wat verkeerdelik as die werking van die Heilige Gees geïnterpreteer kan word.

Dit is ook moontlik dat ’n persoon so op die ontwikkeling van die intellek konsentreer dat die emosies afgeskeep word; andersom, as die ontwikkeling van die denke afgeskeep word, kan ’n mens weer in subjektiewe emosionalisme verval.

Slotsom

Geestelike groei behels die ontwikkeling van elke afdeling van ons persoonlikheid – ons denke moet deur die Woord gesuiwer word (**Rom. 12:2**), ons emosies moet onder beheer gebring kan word en ons gewete moet skoon gehou word; anders gestel, ons wilslewe moet aan Jesus Christus onderdanig wees. In Jesus sien ons die perfekte gebalanseerde persoonlikheid – Hy was passief en vredeliewend, maar kon tog militant optree, Hy kon Homself verloën, maar kon Homself ook laat geld, Hy was ’n man van gebed, maar ook ’n man van aksie. Wanneer ’n mens na Jesus kyk, word jy bewus van jou eie tekortkominge en swakhede en besef ’n mens hoe afhanklik jy van die leiding en inspirasie van die Heilige Gees is om in elke situasie die regte gesindheid te openbaar:

> *“Laat julle leefstyl eerder deur die Gees bepaal word. Dan sal julle glad nie aan die begeertes van julle sondige geaardheid toegee nie”* (**Gal. 5:16**).

Nick Maartens
Jeffreysbaai
0827826074
nickmaartens@hotmail.com